430.D8.7.2

Tel 67-7098

287 Belgraviaweg
Penlyn
Lansdowne
7700
Kaapstad
Suid-Afrika

3 Februarie 1988

Dr. F. Van Zyl Slabbert
IDASA
"Hill House"
Penzanceweg 1
**MOWBRAY**
7700

Geagte en beste Van

As daar een ding is wat ek oor die jare van jou geleer het, dan is dit om nooit op te hou om jou te vermoei om moontlikhede te ondersoek en kanse te waag om Suid- Afrika ten minste voor te berei en ten beste te oorreed tot verandering nie. Op hierdie pad lê daar groot rotse om oor te klim of verby te skuur. Ons moet dit doen!

Soms verval jy miskien - en ek ook - in depressie dat dit lyk of ons niks bereik nie of dat ons suksesse nie groot genoeg is om 'n verskil te maak nie:- Tog is dit nie waar nie. Daar word verskuiwings gemaak wat nie sou plaasgevind het, was dit nie deur jou beywerings nie. Of dit genoegsaam is, sal die tyd kan sê. Ek is bereid om hoopvol te bly. Ek moet erken soms voel ek meer so as by ander tye.

Ons organisasie gaan ook deur tye van groot aanpassings. Natuurlik bekommer ek my dat ons dit altyd vanuit ons basis van beginsels sal doen en dat dit deur oortuigings gemotiveer sal wees. Ook moet 'n mens nie jou gevolg vervreem en hulle na die wolwe jaag nie. So moet 'n mens met oorleg werk. Die gevolge sover is positief en ek sal graag by jou eendag wil hoor hoe jy voel.

Wynand het vir my gevra om saam met hom op 'n verhoog te klim. Dit nogal in Pretoria! Ek het nie alleen gehuiwer nie, maar my bas afgeskrik by die aanhoor van die voorstel. Tog, het dit my gehinder dat ek die geleentheid laat verbygaan om die beginsels waarvoor Wynand staan en ek deel - te help verkondig aan 'n belangrike gehoor.

Voorts reken ek toe dat dit belangrik is om vir Wynand, Esther, die twee Peters en vir Pierre aanmoediging te gee, al kos dit ook 'n prys. Dit is byvoorbeeld vir my so 'n vreugde om deesdae vir Dawid te hoor en te sien. Sulke dinge is 'n goeie teenvoeter vir depressiwiteit. Wat my verbaas het, is die steun wat ek uit linkse kringe ontvang het. Almal met wie ek vooraf gekontroleer het, was aanmoedigend.

Dit sal jou ook interesseer om te weet dat die ontvangs wonderlik positief was. Manne soos S.P. Barnard en 'n groepie was in die gehoor en linkse Afrikaners aan die anderkant. Dit het egter goed gegaan voor omtrent 900 mense.

Ek neem die vrymoedigheid om 'n afskrif van my toespraak in te sluit met my goeie wense.

Ons moet weer bymekaarkom.

Groete solank.

Franklin

FRANKLIN

Groete vir Jane.